DEEL 114 | WEEK 38 | 23 SEPTEMBER 2022 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD IT'S ONLY A RUMOUR



# SIT 'N WORSIE OP DIE KOLE,

*en raak vir my rustig!*








# Uit die pen: Week 38 van 2022

Die telefoonoproep is van 'n vooraanstaande Engelse skool in Pretoria. Al kom ek van die Free State Flatlands af, kan ek darem 'n paar woorde in Engels besig. Hulle sien dat ek by hulle aansoek gedoen het vir 'n pos.

O, nee. Ek sou nie, want ek wil nooit weer skoolhou nie.

Maar ons het jou CV ontvang.

Gits, ek weet nie eers waar daardie skool geleë is nie, maar goed dan. Hulle nooi my vir 'n onderhoud.

Die mooiste skoolgebou in menseheugenis, doem voor my op. Ek moes natuurlik die GPS nader sleep om my tot daar te kry. Darem net sowat 8 km van die huis af.

Ek word hartlik welkom geheet en sit in die ontvangslokaal totdat iemand my roep. Ek stap op met die trap met 'n pragtige, gietyster handreëling. Op die mure is die mooiste skilderye van irisse.

Die skoolhoof se kantoor lyk soos 'n plattelandse skool se personeelkamer: lessenaar met twee stoele, 'n sitkamerstel vir so ses mense en 'n eetkamerstel met sitplek vir seker so 14 mense. Die kantoor het 'n balkon wat op 'n English Country Garden uitkyk.

Die skoolhoof groet my vriendelik en ek dink by myself dat sy soos een van onse mense lyk: diegene by wie ek aanklank sou vind. Ek kan nie regtig onthou wie die ander mense op die onderhoudpaneel was nie. Die onderhoud is baie gemaklik en dis eerder 'n gesprek as 'n vraag-en-antwoord sessie.

Na afloop van die onderhoud slaan ek en die skoolhoof oor na Afrikaans en sy (ja, die skoolhoof!) neem my deur die skool. My mond hang oop.

Die oorspronklike gebou is in 1902 gebou, maar algaande is daar meer vleuels aangebou. Natuurlik moet die nodige toestemming daarvoor aangevra word, omdat die gebou 'n nasionale gedenkwaardigheid is. Die eerste skool het met 106 leerders gespog. Die skool het in 1910 met 'n ander een saamgesmelt en die kleure van die twee skole saam is die kleure wat tans gebruik word. Die skoollied van die "inkommer" skool word tot op hede gesing.

Die saal het 'n gallery en hoog bo in die dak is dik houtbalke. Die gallery spog met, alhoewel ouerig, 'n pyporrel. Tot my spyt het ek nooit daarop gespeel nie. Die oorspronklike gebou het vier vierkante: in een van hierdie vierkante is die oorspronklike broodboom wat met die inwyding van die skool aangeplant is.

Het ek genoem dat daar 'n Pierneef in die skoolhoof se kantoor hang?

Daar is twee groot sokkervelde, 'n swembad, basketbalbane, netbalbane, vlugbalbane en muurbalbane. Die een hokkieveld is 'n Astroturf met 'n elektroniese telbord. En dis net dit wat ek kan onthou.

Wat die akademiese deel aanbetref: daar is 'n musieksentrum waar die meisies amper enige instrument kan baasraak: klavier, kitaar, klassieke kitaar, enige viool, double bass, dromme, sang, trompet, klarinet, noem maar op. Ook 'n musiekteorieklas.

Op die tweede vloer van hierdie aparte gebou is twee groot lokale: een vir die orkes en een vir die koor. Leerders wat instrumente kan bespeel is deel van die skool se simfonieorkes. Ja, 'n simfonieorkes! Daar is twee kore: 'n formele koor en 'n koor wat meer tradisionele liedere sing. 'n Marimbaorkes oefen gereeld. En dis net dit wat ek kan onthou.

Langs hierdie aparte gebou is die Kunssentrum waar leerders in verskillende soorte visuele kuns spesialiseer. Hulle het elke jaar 'n uitstalling van leerders se werk. Ek het twee keer so 'n uitstalling bygewoon, maar ek voel meestal soos Rudyard Kipling wanneer sy in een van haar gedigte vra: "But is this art?"

Die biblioteek is so groot soos die een by die skool waar ek skoolgegaan het, maar hulle het studieplek en 'n groot rekenaarsentrum daarnaas waar leerders hulle navorsing kan doen.

Die Verbruikerstudie- en Gasvryheidstudieklasse is tot op die fynste besonderhede uitgelê: werkstasies met stowe, 'n groot yskas, asook 'n vrieskas.

Elke klas in die oorspronklike gebou het nog groot oopskuifvensters van hout met die mooiste houtkosyne. Dieselfde met die klasdeure: pragtige hout wat skree van geskiedenis.

En toe sien ek die klas waar ek kan heengaan, sou ek die pos aangebied word. Dis massief met klomp vensters aan weerskante. Die voorste gedeelte van die klas het plek vir 32 meisies en die tafels en stoele is vas aan die vloer. Aan die agterkant is twee lang laboratoriumbanke waar praktiese sessies aangebied kan word.

Elke klas het 'n dataprojektor met 'n ingeboude rekenaar. So ook 'n visualiseerder. Ek weet nie of laasgenoemde 'n goeie vertaling van die woord "visualiser" is nie. Indien jy so oningelig is soos wat ek was: dit lyk soos 'n krom lessenaarliggie. Jy kan 'n boek onder die liggie sit, en dan verskyn die groot beeld op die projektorskerm. Dis handig om disseksies onder hierdie liggie te doen, want dan kan die hele klas presies sien wat aangaan.

Die tuine is pragtig: jakarandas en eikebome, roosbome en plumbago's, irisse en clivias en nog duisende ander plante. Dit groei welig.

By die huis gekom, moet ek aanhoor dat ek dalk deel van die vyand gaan word indien ek 'n pos by daardie skool sou kry: my skoonpa was in die Engelse Seunskool, my skoonma in die Afrikaanse Meisieskool, my goeie man in die Afrikaanse Seunskool. En dalk gaan ek na die Engelse Meisieskool. Nie baie aanvaarbaar nie.

Ek kry die telefoonoproep die volgende dag: ek sal vir eers nie 'n departementele aanstelling kan kry nie, maar 'n beheerliggaampos. Met dieselfde salaris as waarmee ek in die Vrystaat bedank het. Ek dog ek slaan reg agteroor.

En om by te voeg: ek moet help met die eerste hokkiespan. Ek slaan toe regtig agteroor, want ek het laas op Universiteit met 'n hokkiestok te doene gehad, toe ek Erna du Plessis s'n vir haar gedra het. Maar, moenie bekommerd wees nie: ek is net die spanbestuurder. Ek staan toe weer stadig op.

O, ja: nog 'n lusmaker vir die pos: vir elke uur wat ek op 'n ander gebied as in my klas diens doen, word ek ruim vergoed.

Mmmm. Laat ek dink…

# GEREELDE PAPSMERE KAN JOU LEWE RED

*• Heilbron Kliniek*

**Wat is Servikale Kanker?**

Die Serviks is die onderste deel van die mond van die uterus (baarmoeder).

Kanker van die Serviks (ook bekend as Servikale Kanker) is een van die mees algemene kankers onder Suid-Afrikaanse vroue. Dit is 'n siekte wat genees kan word indien dit vroeg opgespoor en behandel word.

**Risikofaktore vir Servikale Kanker:**

- Jy laat nie gereeld Papsmere doen nie.
- Jy neem voor 15-jarige ouderdom deel aan geslagsomgang.
- Jy het vóór 18-jarige ouderdom mondelikse voorbehoedmiddels gebruik.
- Jy of jou maat het veelvuldige seksmaats.
- Jy het 'n seksueel oordraagbare infeksie gehad.
- Jy rook.
- Jy volg 'n ongesonde dieet met min vrugte en groente.

**Wat kan jy doen om Servikale Kanker te voorkom:**

- Laat gereeld 'n Papsmeer doen.
- Hou by een seksmaat.
- Gebruik 'n spermetode voorbehoedmiddel soos 'n kondoom.

**Wat is 'n Papsmeer?**

'n Papsmeer is eenvoudig, pynloos, vinnig en skadeloos en kan deur 'n geneesheer of verpleegster gedoen word. Daar word getoets vir abnormale selle by die opening van die serviks. Hierdie abnormale selle is nie kanker nie, maar as dit nie behandel word nie, kan dit in kankerselle ontwikkel.

**Jy behoort 'n Papsmeer te laat doen as:**

- Jy al ooit geslagsomgang gehad het.
- Jy ouer as 30 is.
- Jou laaste Papsmeer enigsins abnormaal was.
- Jou dokter of klinieksuster 'n Papsmeer aanbeveel.

# PITSTOP VIR JESUS RAAK HARTE AAN

Die 17de September was daar weer 'n byeenkoms van Pitstop vir Jesus. Daar was ongeveer 130 mense wat die geleentheid bygewoon het, "en was dit sowaar 'n belewenis!", vertel die organiseerders en bywoners. Ockie Fourie het die bediening gelei en sy getuienis met die mense gedeel. Genesing het plaasgevind, harte het heel geword en mense het weer hoop gekry. Die geleentheid het begin met baie hartseer tussen die mense, maar was dit van korte duur en ten einde was daar trane van blydskap! Showers of Blessings het ook die bediening bygewoon en soos altyd 'n impak op almal gemaak. "Jou vingerafdruk is uniek, en niemand het dieselfde vingerafdruk regoor die wêreld nie. Jy is spesiaal!" Die volgende Pitstop vir Jesus is die 8ste Oktober 2022 vanaf 14:00 by Hoërskool Heilbron se skoolsaal. Marie Bosman en die manne van ARC gaan die bediening lei.



# SANBS NOOI DIE GEMEENSKAP VAN HEILBRON OM BLOED TE SKENK

**Dinsdag, 27 September 2022 | NG Suid Kerksaal, Heilbron | 13:00 – 19:00**

SANBS doen 'n beroep op alle skenkers, veral skenkers wat nie in die afgelope paar maande geskenk het nie, om asseblief die tyd te neem om bloed te skenk, asook op nuwe skenkers wat aan die minimum vereistes voldoen om 'n bloedskenker te word.

September is tradisioneel 'n moeilike tydperk vir SANBS, weens die rekord-eksamens. Daar is dikwels nie genoeg bloedskenkklinieke by maatskappye om die gapings van die afwesigheid van bloedskenkklinieke by skole en tersiêre instellings te vul nie.

**Om 'n bloedskenker te word, moet jy:**

• Tussen die ouderdom van 16-75 wees • Meer as 50kg weeg • Iets voor jou skenking eet • Gesond wees op die dag van skenking

**Skenk bloed. Jou bloed red lewens.**

# VROU VERDWYN SPOORLOOS

Sonia Simpson, 'n inwoner wat Heilbron die afgelope drie weke haar tuiste genoem het, het spoorloos verdwyn toe sy na Vanderbijlpark gereis het vir 'n werksgeleenheid. Volgens haar man, Craigh John Simpson, is Sonia sedert Maandag reeds vermis. Die laaste keer wat hy Sonia gesien het was Maandagmiddag toe hy saam haar na 'n "taxi" gestap het, en haar gevra het om hom te kontak sodra sy veilig in Vanderbijlpark arriveer. Hy het nooit die oproep ontvang nie. Craigh vertel dat hy haar probeer bel het, maar dat 'n onbekende man geantwoord het en gesê het dat hy nie 'n Sonia ken nie. Sonia het op die dag wat sy vermis geraak het 'n donkerblou jean, ligte blou T-hemp, roomkleurige sandale en swart "hoodie" om haar lyf vasgemaak, aangehad. Sonia is 1.6m lank met rooi hare en het blou oe. Die familie doen 'n versoek dat as enige iemand



inligting in verband met Sonia het haar man dadelik sal kontak op 084 496 2544. 'n Saak is reeds by die polisie aangemeld.

# HEILBRON SE WATER WORD GETOETS

Die gehalte van water is lewensbelangrik, daarom het die plaaslike AfriForum-tak die afgelope week Heilbron se drink- en rioolwater laat toets. Volgens uitslae van die munisipale drinkwater wat van Randwater afkomstig is, is niks gevind wat enige kommer wek nie. Die damwater lyk immers beter as verwag, maar dit word nie aanbeveel dat mense dit drink nie. Volgens AfriForum lyk die rioolwerke egter nie goed nie, en dit wil voorkom asof die werke nie funksioneer nie. Daar word beweer dat daar ook nie 'n personeellid was wat AfriForum kon help nie. Die water van die spruit waarin riool uitvloei is getoets en dit lyk nie goed nie. Daar is voorsiening in gesuiwerde rioolwater vir die teenwoordigheid van E.coli en fakale kolivorme, maar die toestand van die riool wek kommer. AfriForum beloof om die saak verder met die munisipaliteit op te neem.



# HOE BELANGRIK IS DAT ONS DIE KOSBAARHEDE BEWAAR?




Dit is erfenismaand en elke keer as jy in Langmarkstraat ry, dwing die spoedhobbel voor die voorheen Joodse sinagoge met die nostalgiese treinstasiebord en poskantoorsteen jou om te besef dinge het verbygegaan. Hoe belangrik is dit dat ons die kosbaarhede bewaar? Dit blyk ook 'n gegewe dat die Riemland Museum daar is om juis dit vir die gemeenskap en omgewing te doen; dit is egter nie so eenvoudig en vanselfsprekend nie.

Min besoekers aan hierdie unieke klein museum besef die grootse taak wat dit tot dusver was om dit op hierdie standaard te bring en te bedryf. As jy 'n bietjie dieper kyk na die volledige inventaris wat elke item verteenwoordig met skenkers/eienaars en kontakpersone, kom jy diep onder die indruk van die toewyding en konsekwentheid waarmee Quarta Pretorius en haar medewerkers hierdie taak gelei en bestuur het.

Dit is ook baie duidelik dat so 'n bewaringstaak nie net op die skouers van een of twee gemotiveerde indiwidue kan rus nie. Die sloping van 'n historiese gebou in Kerkstraat het 'n paar van ons weer laat regop sit oor die kultuurskatte waarby ons elke dag verbyloop, raaksien en erken, maar wel na waarde skat? Ou geboue verg spesiale aandag, en instandhouding is duur, terwyl die dorp se groei en ontwikkeling van ekonomiese stumulering afhanklik is.

Om hierdie twee belangrike funksies binne 'n plaaslike gemeenskap doeltreffend en volhoubaar bymekaar te bring, is doelgerigte gemeenskapsbetrokkendheid die onmiskenbare sleutel. Om te bewaar en behou moet daar aksie wees deur belanghebbende burgers in verskillende grade van belangstelling, betrokkenheid, bydraes, borge en die bestuur van dit wat ons as kosbaar beskou, binne en buite die mure van ons klein Riemland Museum.

Daar is nooit 'n beter tyd as die huidige om werk te maak van dit wat bewaar moet word en dit wat gebou moet word vir die toekoms nie. Kan daardie mure wat nog op die hoek van Kerk- en Pleinstraat bly staan het, die aansporing wees om die Heilbron en groter Riemland gemeenskap aan die beweeg te bring?

Daar is op die oomblik nie 'n werklik aktiewe Museumkomitee nie en baie van die ouer garde kan nie meer betrokke wees nie. Hiermee dus 'n dringende en vriendelike uitnodiging aan elkeen wat omgee en belangstel om betrokke te raak by die Museum, Vegkop, Riemland roete en besienswaardighede in hierdie streek, om met Piet Lombard by die Riemland-Museum kontak te maak sodat ons kan beweeg om 'n museumkomitee met nuwe ywer te laat herleef. Vir diegene wat minder direk betrokke wil/kan wees, kan 'n lewendige Vriende van die Museum-projek ondersteuning en momentum aan aktiwiteite en ondernemings binne en vanuit die museum gee. Bring jou belangstelling en bereidwilligheid na vore en kontak asb vir Piet Lombard by 082 4665750 of besoek die Riemlan Museum op 'n Vrydagoggend tussen 09:00 en 12:00. Ons gesamentlike erfenis vra gesamentlike optrede.


**North West Gambling Board**

NORTH WEST GAMBLING BOARD

**NOTICE IN TERMS OF SECTION 35 OF THE NORTH WEST GAMBLING ACT, 2001 (ACT No. 2 OF 2001), AS AMENDED [HEARING OF APPLICATION (5)].**

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 35 of the North West Gambling Act, 2001 (Act No. 2 of 2001), as amended, that the North West Gambling Board ("the Board") intends to hold public hearings in respect of applications received in terms of the North West Gambling Act, 2001 (Act No. 2 of 2001) as amended.

The public hearings will be held, as follows:

| DATE | TIME | VENUE | LICENSEE |
|---|---|---|---|
| 05-07 October 2022 | 09H00-17H00 | COOKSLAKE LODGE MAFIKENG<br>GPS COORDINATES-<br>Latitude:<br>25°51.58.71''S<br>Longitude:<br>25°39'4.52 E | Removal of business to other premises in terms of section 45 of the Act from Mahikeng to Rustenburg (Waterfall Mall) by **Mmabatho Palms Hotel Casino & Convention Resort.** |
| 07 October 2022 | 12H00 | | Removal of business to other premises in terms of section 45 of the Act from Vryburg to Hebron **by Vegas Slots North West (Pty) Ltd.** |
| | 14H00 | | Application for a Route Operator Licence in terms of section 24 of the Act, read together with Section 53 **by Emgrand Group (Pty) Ltd;** and<br>Application for a Route Operator Licence in terms of section 24 of the Act, read together with Section 53 by **Mapenya Gaming North West (Pty) Ltd.** |

Kindly note that applicants and persons who lodged representations, as contemplated in terms of the provisions of section 29(2)(b)(i) and (ii) of the North West Gambling Act, 2001 (Act No. 2 of 2001), as amended, will be afforded an opportunity to make oral representations during the hearing

Enquiries may be directed to **Ms. Morongoa Moss/Kenny Maloba Tel 018 384 3215, Fax: 018 384 2209 or Email:** ceo@nwgb.co.za.

Private Bag X 34 **MMABATHO** 2735 or 131 University Drive **MMABATHO** 2735

Issued by Mr. Simon Mogapi Acting Chief Executive Officer, North West Gambling Board, Mahikeng.




# HUPPEL TRIPPELKLUB SPEEL STOMSTREKE

Elza Kriel was die spelleier; en het gesorg vir 'n genoeglike oggend vir elkeen wat daar was. Daar was interessante verduidelikings en baie slim raaiskote. Om alles net nóg lekkerder te maak, het Elza gesorg vir 'n heerlike piekniek-pakkie en vrugtesap vir elkeen. Oor twee weke is 'n worsbraai in die vooruitsig. Die bou van 'n jukskeibaan is nou 'n werklikheid; en sal binnekort 'n aanvang neem. As iemand in die Heilbron gemeenskap dalk 'n paar skeie het wat in jare nie gebruik is nie, en jy is nie sentimenteel daaroor nie, sal ons só dankbaar wees as jy dit aan ons Klub wil skenk. Natuurlik is jy welkom om te kom saamspeel sodra die baan reg is.



# TUINBOUKLUB LEER OOR BONSAI BOME



*Op Woensdag 21 September tydens die tuinbou se vergadering, het Danie Labuschagné aan tuinliefhebbers gedemonstreer hoe om 'n bonsai te snoei, te plant en te versorg. Elke lid wat die leersame oggend bygewoon het, het hul eie klein boompie gekry om te plant en te snoei. Danie het ook met die lede gedeel dat nie enige bome gebruik kan word om 'n Bonsai boom te maak nie. Na almal hulle bome gesnoei het en die verskillende Bonsai bome by Danie se huis aanskou het, het hulle die oggend afgesluit met 'n heerlike koek en tee.*
*Op foto Danie Labuschagné en Nellien Scheepers (voorsitter van die Tuinbouklub).*

# REITZ LEERDERS PRESTEER



*Oos Vrystaat wen o/11B Vrystaat liga.*
*Carlo Cilliers en Adriaan Nel, leerlinge van Hoërskool Reitz, verteenwoordig die Oos-Vrystaat in die laaste been van die Vrystaat o/11B liga. Dit het bestaan uit 2 wedstryde van 20 overs.*
*1ste 20 overs: Adriaan kry 44 lopies, Carlo het 3paaltjies met twee boulbeurte.*
*Die span wen met 89 lopies. Carlo is Man of the match.*
*2de 20 overs: Carlo 25 lopies. Adriaan 8 lopies, nie uit nie. Span verloor met 14 lopies.*



*Die volgende karateklas van Komodo Dragons Karate het tydens hul gradering wat einde Augustus plaasgevind het, hulle gradering geslaag: Ruben Swanepoel - Geel 1, Isabella Swanepoel - Geel 2, Johan Oosthuizen, Geel 2, Luan Gouws - Oranje 1, Henco de Winnaar - Groen 1, Drian Oosthuizen - Blou 1.*

# BURRE BURGER DROOGTEHULPFONDS



***DROOGTEHULP:*** *'n Insamelingsprojek is deur die leerders van Hoërskool Reitz en die NG Reitz Wes ondersteun ten bate van Burre Burger se Droogtehulpfonds. Die skool wil elke ouer en leerder bedank wat hierdie projek ondersteun het, en is dankbaar vir elke donasie. Hoërskool Reitz sal deel vorm van die Kersfees-uitreik.*

# BRONNIE KRIEKETSPELERS PRESTEER



*Die o/9 Krieketspan van Hoërskool Heilbron wen met 9 paaltjies teen Vaalpark B.*
*Hoërskool Heilbron se o/7 mini-krieketmanne doen dit weer en wen teen AJ Jacobs.*

# NUKLEUS PRIVAAT ONDERWYS SE EERSTE MATRIEKAFSKEID

***• Tanya Els***

Op 2 September 2022 het Nukleus Privaat Onderwys hulle eerste matriekafskeid gehou. Dit was 'n pragtige aand in die buitelug met kerslig, musiek en 'n gesellige atmosfeer. Die heerlikste boerekos is bedien in regte erdeware, voorwaar 'n boeremakietie wat vir niks terugstaan nie. Die matriekafskeid is moontlik gemaak deur skaaplootjies te verkoop. Die slagskaap is deur Mev. Aletta Joubert geskenk en die gelukkige wenner was Mnr JC Booysen. Nukleus Privaat Onderwys wil net baie dankie sê aan elkeen wat 'n kaartjie gekoop het om op hierdie besondere manier van ons matrieks van 2022 afskeid te neem.



# 2DE IN VRYSTAAT SE FAST FIVE-TOERNOOI



*Laerskool Petsana, van Reitz, se o/13-netbalspan eindig die afgelope naweek 2de in die Vrystaat se Fast Five-toernooi. Hulle ding mee teen gedugte skole soos onder meer Wilgerivier, Willem Postma, Dagbreek en St Anne's.. Van al die spanne wat aan die toernooi deelgeneem het, was hulle spelertjies by verre die kleinste en kortste fisies gebou. Hulle doel (GS) was die enigste speler (o/13 tot o/18) wat dit kon regkry om drie "Super Shots" in een wedstryd te sink. Sy het ook in meer as een wedstryd 'n Super Shot deur die ring gejaag. ('n Super Shot is wanneer jy van buite die doelsirkel doel en dit tel drie punte.) Die welslae van die span kan grootliks aan hul briljante afrigter se betrokkenheid toegeskryf word. Sy passie vir die spel is iets besonders en hoogs aansteeklik.*

# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the Late:**
**Surname:** NORMAN
**First names:** ALLEN JOHN
**Estate number:** 006386/2022
**Identity/passport number:** 640910 5081 084
**Date of death:** 2/06/2022
**Last address:** 186 Protea Street, Sandersville, Heilbron, 9650
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**In case of a marriage in community of property:**
**First names and surname of surviving spouse:** MARTHA NORMAN
**Identity/Passport Number:** 660918 0185 011
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O. BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**DATE SUBMITTED: 2022/09/15**
**PUBLICATION DATE: 2022/09/23**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the Late:**
**Surname:** RAS
**First names:** MARIA HENDRIKA
**Estate number:** 008217/2022
**Identity/passport number:** 520203 0049 081
**Date of death:** 14/07/2022
**Last address:** 22 Vierde Street Koppies, 9540
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O. BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**DATE SUBMITTED: 2022/09/15**
**PUBLICATION DATE: 2022/09/23**

# SUDOKU

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 | 1 | 8 | | 4 | | 2 |
| 4 | | | | 5 | | | |
| 6 | | 5 | | | 7 | | |
| 8 | | | 7 | 1 | 6 | 5 | 4 |
| 3 | 8 | | | 4 | 1 | 7 | 5 |
| | 4 | 7 | | | | 6 | 3 |
| 7 | | | 6 | | | 4 | 1 |
| | | | | 7 | 5 | | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**
Hendie Lötter
by
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

**VOER TE KOOP**
**Kontak**
**Botha Mouton**
**083 688 8256**

# TE HUUR

**WOONSTEL TE HUUR**
1 Slaapkamer tuinwoonstel te huur. Motorafdak, eie ingang, omhein met pallisade. Prepaid krag. Beskikbaar 1 Oktober
**Skakel**
**082 974 9593 of 071 515 1705**

**Koppies Internet**



Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Koppies en naby geleë plase.
Kontak ons vir enige navrae of bystand: 068 338 2916

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***










**POSTNET HEILBRON**

**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**

- **STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
- **PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
- **PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

**POSTNET Digital**
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# HERALD Sport

# OJ SAL MOET KOPHOU



Op die foto agter vl: Julyan Bruyns, RJ Muller. Voor vl: Abrie Watson en Johan Weilbach.

Ryder spanne van Heilbron en Frankfort slaan vandag af vir die jaarlikse titaniese stryd tussen die twee dorpe in die OJ vs OH Ryder Cup. Die gees is reg en was daar hard geoefen die week. Heilbron kon nog nie vir Frankfort op hulle tuisbaan klop nie, maar daar is altyd 'n eerste keer. Heilbron het vanjaar 'n baie gebalanseerde span en is die manne wenhonger.

Abrie Watson wen verlede Saterdag se HBA maandbeker met 'n netto telling van 63, nege houe beter as sy voorgee. RJ Muller se rondte was net so goed, hy eindig in die tweede plek met 65 netto. Johan Weilbach speel ook 'n 65 netto en in die vierde plek is Jacques van Rooyen met 71 netto.

Ruan Mienie skakel vir Jackie Leonard uit in die putjiespel en saam met sy spanmaat Willem Loots klop hulle ook vir Jackie en Wiam Rautenbach in die dubbel putjiespel.

# HEILBRON KRIEKETNUUS

Heilbron Krieketklub se eerste rondte is T20 overs wedstryde en word almal in Heilbron gespeel. Die tweede rondte is T35 overs en word 5 van die wedstryde in Heilbron gespeel by die Hoërskool Heilbron. Wedstryde begin die 8ste Oktober om 14:00 en enige toeskouers is welkom om te gaan kyk.


Dinsdae en Donderdae om 17:00 oefen spelers by die skoolgronde.

**2nd League - 20 Overs**

| FIELD | 08-Oct | FIELD | 15-Oct | FIELD | 22-Oct |
|---|---|---|---|---|---|
| Sasol | Sasol<br>Meyerton | Parys | Parys<br>Sharpeville | Parys | Parys<br>Route 66 |
| Parys | Parys<br>Rust Ter Vaal | Heilbron | Heilbron<br>Sasol | Vereeniging | Rust Ter Vaal<br>Vereenigning |
| Heilbron | Sharpeville<br>Heilbron | Vereeniging | Vereeniging<br>Meyerton | Heilbron | Heilbron<br>Meyerton |
| Route 66 | Vereeniging<br>Route 66 | Old Vaal | Route 66<br>Old Vaal | Route 66 | Sasol<br>Old Vaal |
| Bye | Old Vaal | Bye | Rust Ter Vaal | Bye | Sharpeville |
| **FIELD** | **29-Oct** | **FIELD** | **05-Nov** | **FIELD** | **12-Nov** |
| Vereeniging | Vereenigning<br>Parys | Old Vaal | Vereeniging<br>Sharpeville | Old Vaal | Old Vaal<br>Vereeniging |
| Roshnee | Sharpeville<br>Old Vaal | Meyerton | Parys<br>Meyerton | Parys | Sasol<br>Parys |
| Sasol | Sasol<br>Route 66 | Heilbron | Heilbron<br>Route 66 | Meyerton | Meyerton<br>Route 66 |
| Heilbron | Heilbron<br>Rust Ter Vaal | Sasolburg | Rust Ter Vaal<br>Old Vaal | Sasol | Sharpeville<br>Route 66 |
| Bye | Meyerton | Bye | Sasol | Bye | Heilbron |
| **FIELD** | **19-Nov** | **FIELD** | **26-Nov** | **FIELD** | **03-Dec** |
| Heilbron | Heilbron<br>Vereeniging | Rust Ter Vaal | Meyerton<br>Rust Ter Vaal | Meyerton | Meyerton<br>Old Vaal |
| Old Vaal | Old Vaal<br>Parys | Old Vaal | Sharpville<br>Rust Ter Vaal | Route 66 | Route 66<br>Rust Ter Vaal |
| Sasol | Sasol<br>Rust Ter Vaal | Sasol | Vereeniging<br>Sasol | Sasol | Sasol<br>Sharpville |
| Meyerton | Meyerton<br>Sharpeville | Heilbron | Heilbron<br>Old Vaal | Heilbron | Heilbron<br>Parys |
| Bye | Route 66 | Bye | Parys | Bye | Vereeniging |

**2nd League - 35 Overs**

| FIELD | 14-Jan | FIELD | 21-Jan | FIELD | 28-Jan |
|---|---|---|---|---|---|
| Sasol | Sasol<br>Meyerton | Parys | Parys<br>Sharpeville | Parys | Parys<br>Route 66 |
| Parys | Parys<br>Rust Ter Vaal | Heilbron | Heilbron<br>Sasol | Roshnee | Rust Ter Vaal<br>Vereenigning |
| Heilbron | Sharpeville<br>Heilbron | Vereeniging | Vereeniging<br>Meyerton | Heilbron | Heilbron<br>Meyerton |
| Route 66 | Vereeniging<br>Route 66 | Old Vaal | Route 66<br>Old Vaal | Route 66 | Sasol<br>Old Vaal |
| Bye | Old Vaal | Bye | Rust Ter Vaal | Bye | Sharpeville |
| **FIELD** | **04-Feb** | **FIELD** | **11-Feb** | **FIELD** | **18-Feb** |
| Vereeniging | Vereenigning<br>Parys | Old Vaal | Vereeniging<br>Sharpeville | Old Vaal | Old Vaal<br>Vereeniging |
| Roshnee | Sharpeville<br>Old Vaal | Parys | Parys<br>Meyerton | Sasol | Sasol<br>Parys |
| Route 66 | Route 66<br>Sasol | Heilbron | Heilbron<br>Route 66 | Meyerton | Meyerton<br>Route 66 |
| Roshnee | Heilbron<br>Rust Ter Vaal | Roshnee | Rust Ter Vaal<br>Old Vaal | Roshnee | Sharpeville<br>Route 66 |
| Bye | Meyerton | Bye | Sasol | Bye | Heilbron |
| **FIELD** | **25-Feb** | **FIELD** | **04-Mar** | **FIELD** | **11-Mar** |
| Heilbron | Heilbron<br>Vereeniging | Rust Ter Vaal | Meyerton<br>Rust Ter Vaal | Old Vaal | Meyerton<br>Old Vaal |
| Old Vaal | Old Vaal<br>Parys | Roshnee | Sharpville<br>Rust Ter Vaal | Route 66 | Route 66<br>Rust Ter Vaal |
| Sasol | Sasol<br>Rust Ter Vaal | Vereeniging | Vereeniging<br>Sasol | Roshnee | Sasol<br>Sharpville |
| Meyerton | Meyerton<br>Sharpeville | Old Vaal | Heilbron<br>Old Vaal | Parys | Heilbron<br>Parys |
| Bye | Route 66 | Bye | Parys | Bye | Vereeniging |




**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**
HENDIE LÖTTER by
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za


**24 September 2022**

**ERFENISDAG**

Die winkel sal gesluit wees op 24 September, maar sal weer Maandag 26 September gewone ure open om 07:30.

Herald Office National



ANTRIO Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 27 SEPTEMBER 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

BULTFONTEIN: DOLF & ESTIE DU BRUYN
840 SAVM skape
11:00, "Ons s'n", Bultfontein
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**WOENSDAG - 28 SEPTEMBER 2022**

PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Dumny 082 528 1899

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

HERTZOGVILLE: MALHERBE & ROBERTS
Brangus & Angus beeste
11:00, Veilingskrale
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DONDERDAG - 29 SEPTEMBER 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

**VRYDAG - 30 SEPTEMBER 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**SATERDAG - 1 OKTOBER 2022**

WINBURG: BEREND DORMERS
11:00, Veilingskrale
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**